

POLICY 041/2015 RAADSBELEID

SUBJECT/ONDERWERP: SELFONE VIR AMPTENARE IN SLEUTELPOSTE

REFERENCE/VERWYSING: 6.2.2.2

RESOLUTION NO/BESLUIT NR: 17.2/12/2015

DATE/DATUM: 3 Desember 2015

BELEIDSOOGMERK: Om sleutelpersoneel toe te rus met 'n selfoon ten einde hul werk effektief te kan verrig en deurentyd bereikbaar te wees.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad wil die amptenare so toerus om hul werk effektief en spoedig te kan afhandel.

RIGLYNE

1. Die Direkteur of sy/haar gedelegeerde moet skriftelik 'n motivering aan die Munisipale Bestuurder rig vir goedkeuring waarin hy/sy verduidelik waarom die Munisipale Bestuurder 'n selfoon moet toestaan aan 'n amptenaar in sy/haar Direkoraat.
2. Die Raad sal 'n selfoon beskikbaar stel teen 'n maksimum prys van R490.00 per maand (BTW uitgesluit). Die Direkteur of sy/haar gedelegeerde mag self die pakket bepaal.
3. Alle oproepe en kostes wat die kontrakprys (BTW uitgesluit) en **gratis** perke oorskry, moet deur die verbruiker/amptenaar betaal word.
4. Elke amptenaar onder hierdie beleid aan wie 'n selfoon verskaf word vir gebruik, moet 'n gebruiksooreenkoms onderteken, alvorens die selfoon aan hom/haar toegeken word.
5. Die Munisipale Bestuurder of sy/haar gevolmagtigde mag weier om aan enige amptenaar 'n selfoon te verskaf, of indien die selfoon misbruik word, die vergunning terug te trek, waarna die selfoon onmiddellik aan die Direkteur of sy/haar gevolmagtigde, in 'n goeie werkende toestand terugbesorg moet word.
6. Enige gebreke by ontvangs van die selfoon wat toegeskryf kan word aan nalatige of onbehoorlike gebruik deur die gebruiker/amptenaar, sal vir die rekening van die gebruiker wees.
7. Selfoonkontrakte aan die Munisipale Bestuurder en Artikel 56 amptenare sal beskikbaar gestel word teen die maksimum bedrag soos deur die Raad bepaal. Die Munisipale Bestuurder en Artikel 56 amptenare mag self die pakket bepaal.
8. Direkorate waar daar 3G-kaarte benodig word, moet skriftelik toestemming vanaf die Munisipale Bestuurder verkry.

9. Die Raad sal slegs 'n 3G-kaart beskikbaar stel teen die volgende kontrak naamlik **2 Gig gratis data** op kontrak. Enige kostes bo die kontrakprys (BTW uitgesluit) en gratis data, moet deur die verbruiker/amptenaar betaal word.
10. Die Bestuurder Bates moet 'n selfoonregister van alle selfone en 3G kaarte waaroor die Raad beskik, byhou.
11. Alle amptenare wat telefoontoelae kry, kwalifiseer nie vir 'n selfoon nie.
12. Indien daar uitgevind word dat 'n amptenaar wat oor 'n selfoon van die Raad beskik en ook telefoontoelae ontvang, sal die volle koste terugwerkend van hom/haar verhaal word van die dag wat hy/sy 'n selfoon ontvang het.

PROSEDURE

Die volgende stappe moet gevolg word om die beleid toe te pas:

1. Elke Direkteur of sy/haar gedelegeerde, motiveer aan die Munisipale Bestuurder in watter omstandighede en vir watter tydperk 'n amptenaar in sy/haar Direkoraat van 'n selfoon voorsien mag word.
2. Sodra die motivering deur die Munisipale Bestuurder goedgekeur is, moet die Bestuurder Bates 'n kontrak by die verskaffers aanvra, wat deur die Munisipale bestuurder onderteken moet word.
3. Die amptenaar mag self 'n foon kies wat binne die kontrakpakket val.
4. Elke selfoonrekening word maandeliks deur die Bestuurder Bates rekonsilieer.
5. Indien die selfoonrekening die kontrakprys oorskry, sal die bedrag meer as die kontrakprys, by die verbruiker/amptenaar se salaris verhaal word.
6. Wanneer 'n selfoonkontrak hernu word, moet die vorige selfoon by die Bestuurder Bates ingedien word.
7. Die hernuwingskontrak word deur die Bestuurder Bates aangevra en deur die Munisipale Bestuurder onderteken .
8. Alle uitgediende/ongebruikte selfone word op 'n openbare veiling van die Raad verkoop.

ROLLE

Munisipale Bestuurder.

Direkteur van elke Direkoraat of sy gevolmagtigde.

Bestuurder Bates.

Elke personeellid wat van die sellulêre telefoon gebruik maak.

VERWANTE BELEID

Geen.

HERROEPINGS / WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.